

# GEMEENTEBEDIENING EN EVANGELISASIE-PERSPEKTIEF

M NEL

## ABSTRACT

### The Local Church and Evangelism

For more than one reason local churches often miss true perspective of Evangelism. Too often its Evangelism ministry consists of a course, a program or an isolated rally. Some of the issues that have to be put right are: a lack of vision regarding the cosmological consequences of the Gospel; a deterministic view on the election; a neglect of the many estranged people; a "volkskirche"-mentality where estranged members are accepted as normal. What is needed is a new awareness of the calling of the total body of Christ to bear witness to the Gospel. Evangelism should be part and parcel of the daily life of a healthy Church.

## 1. Inleidend

As evangelisasie 'n gemeentebediening moet word, 'n normale leefwyse in en vir elke gemeente, moet 'n gemeente 'n evangelisasieperspektief ontwikkel. Voordat 'n gemeente homself nie in evangelisasieperspektief leer sien nie, word dit baie selde meer as 'n program, 'n naweek, 'n eenmansvertoning.

## 2. Redes vir gebrek aan evangelisasieperspektief

Van die belangrikste redes waarom evangelisasie verwaarloos word en nie 'n normale deel van die lewe van die gemeente is nie, kan die volgende genoem word:

### 2.1 Gebrek aan insig in die plan van God.

Leraars, kerkrade en lidmate openbaar soms 'n verbasende gebrek aan insig in God se bedoeling met die koms van Jesus Christus en die Heilige Gees na hierdie wêreld toe.

Van die opvallendste in hierdie verband is dikwels:

2.1.1 'n Siening van die uitverkiesing as sou dit die verkondiging en getuienis van die gelowiges oorbodig maak. So 'n gemeente verloën sy eie verkiesing tot verkondiging (vgl. 1 Petrus 2:9,10).

2.1.2 'n Beperkte visie op die omvang van God se wêreldplan. Ten

spyte van die wetenskaplike visie op die moderne "Umwelt" dink sommige nog soos in die vroeë Christendom dat die "hele wêreld" net dié aan jou bekende en naby jou geleë wêreld is. Die kosmiese betekenis van die koms en heerskappy van Jesus Christus word nie verstaan nie en alles word verskraal tot die bekering van die "siel" as die einddoel van die evangelie.<sup>1)</sup>

2.1.3 Sulke leraars, kerkrade en gemeentes verloor dan uitsig op God as die groot Subjek van sy eie wêreldewangelisasieplan. God word klein-gemaak tot die God van 'n bepaalde gemeente, 'n bepaalde volk. Hy word nie meer aanbid en gedien as die Verbondsgod wat in Abraham **die nasies van die aarde tot seën wil wees nie** (vgl. Genesis 12, 17).

2.1.4 Miskien is die groot gebrek aan insig dat gemeentes (meermale onder leiding van 'n kortsigtige leraar) besit neem van en beskik oor die plan van versoening en verlossing eerder as dat die God van verlossing en versoening hulle in besit neem en beskikkingsreg oor hul lewens voer.

## 2.2 Kommerloosheid oor verlore mense.

Wanneer "Fariseërs" dink en praat, is daar min hoop vir tollenaars en sondaars. Fariseërs beskerm en dien ander Fariseërs. Daar is by hulle geen bewoënhed oor tollenaars en sondaars nie. Hulle het die waarheid en dit is genoeg.

Talle gemeentes openbaar só 'n byna totale gebrek aan bewoënhed oor afgedwaalde verbondsmense. Hulle vind rus in die "baie" wat oorgebly het. Die talle enkelinge wat weggeraak het, kan hulle nie skeel nie. Hulle redeneer meermale: "die kerkgebou is nog Sondagoggende vol. Die diakens dra soms nog stoele in."

So 'n gesindheid vloei dikwels uit 'n bevraagtekening van die Skrif-waarheid dat almal buite Christus verlore is. Arthur McPhee sien dit as een van die groot hindernisse in die pad van ewangelisasie. Die groeiende universalisme laat mense al meer twyfel aan die verlorenheid van mense buite Christus, aan die leerstuk oor die hel.<sup>2)</sup> Natuurlik gee gemeentes nog toe dat dit in beginsel (of in belydenis) so is, maar hoe min ons dit werklik glo, word bewys deur die kommerloosheid oor hul wat afdwaal en dikwels vasgroeï in allerlei valse ideologieë. McGavran en Arn noem hierdie bogemelde waarheid een van die belangrike beginsels op die pad van gemeentegroei.<sup>3)</sup> Hoewel nie die eerste motief vir ewangelisasie nie, is dit sonder twyfel 'n geweldige motief: **mense buite Christus is verlore**, (vgl. tekste soos Johannes 14:6; Handeling 4:12; 1 Timótheüs 2:5).

## 2.3 Kerkgesentreerde teologie en praktyk.

'n Verkeerde of skeefgetrekte kerkbegrip speel dikwels 'n deurslaggewende rol in die gebrek aan evangelisasieperspektief by leraars en gemeentes. Die belangrikste momente hiervan is waarskynlik die volgende:

**2.3.1 Gemeentebou en gemeentegroei word geskei.** Een van die ernstigste vergrype teen die Bybelse visie op evangelisasie is om bogenoemde twee komponente in die evangelisasieroeping van die kerk teen mekaar af te speel. Dit gaan nooit in die Bybel om òf gemeentebou òf gemeentegroei nie, maar om 'n onlosmaaklike èn-èn.

Dit is wel waar dat hierdie twee sake in 'n sekere spanningsverhouding tot mekaar staan, maar nooit teenoor mekaar nie. Hierdie spanning tot mekaar voorsien juis die nodige "druk" om die gelowige tot sy beste aan te vuur.<sup>4)</sup>

Leraars en kerkrade wat gemeentebou eensydig benader, lei 'n gemeente tot verstarring en tot verstikking aan te veel geestelike voedsel sonder die nodige vertering daarvan in gemeentebou.

**2.3.2 "Basis" word "werksveld".** Wat deur die kerk moes gebeur het, gebeur nou in die kerk.<sup>5)</sup> Wat die basis moes wees, van waaruit God deur sy kerk die wêreld "binneval", word nou die werksveld wat oor en oor geploeg, bemes, en gesaai word — met die gevolglik skralerwordende oes uit 'n land waar oorbemesting kontraproduktief raak.

**2.3.3 Bekeerdes word nie "dissipels" nie.** Hoofsaaklik vanweë 'n gebrek aan gehoorsaamheid aan die volle raad van God, word die "maak van dissipels" verwaarloos en word bekeerdes telkens weer tot twyfel gepreek ten einde hul weer op 'n later stadium tot 'n bekeringsbeslissing te lei. Die Bybelse lyn van groei in dissipelskap word losgelaat en 'n nie-Bybelse (byna bese) sirkelagtige bedieningspatroon van besigwees met die gemeente ter wille van die gemeente word die patroon.<sup>6)</sup>

**2.3.4 "Dissipels" word nie "gestuurdes" nie.** In aansluiting by bogenoemde ontbreek daar menigmaal die regte klem op die amp van die gelowige as profetiese gesant in hierdie wêreld. Evangelisasielose gemeentes is dikwels gemeentes waar die "amp" hulleself beskerm en handhaaf ten koste van die gelowiges. "Enkeles" is die gestuurdes en dit pas gesagvolle "gestuurdes" dikwels om die eintlike gestuurdes onmondig en onkundig te hou. Sodoende word die "een-ogige koningskap" in 'n gemeente of wyk van blindes makliker gehandhaaf.<sup>7)</sup>

**2.3.5 Programme en strukture word verabsoluteer.** Programme en strukture is in evangelisasie van dienende belang, maar wanneer leraars en kerkrade se ganse bedrywigheid daarop afgestem raak om programme aan die gang te hou en strukture te bou en te beskerm, lei dit tot verstarring. Wat in diens van die evangelie moes wees, word dan **doel** van die arbeid van die gemeente. So word baie energie wat in diens van die evangelie gebruik kon word dikwels wanbestee.<sup>8)</sup>

**2.3.6 Volkskerkmentaliteit.** In 'n gemeente waar almal, byna sonder uitsondering, gedoop word; waar almal, byna sonder uitsondering, toegelaat word tot belydenis van geloof; waar selde of nooit tug toegepas word nie, groei 'n volkskerkmentaliteit en begin die kollegialisme sy kop uitsteek. (Almal is dan lede van die "vereniging" — sommige se ledegeld is net agterstallig.) In so 'n gemeente sterf evangelisasie aan alle kante uit. Aan die een kant is dit onmoontlik vir nominele lidmate om te brand met die ywer van die Koning van die Kerk. Aan die ander kant "verdwyn" jou arbeidsveld. Die kerk self word die huisvesting van afgedwaaldes en onverskilliges in leer en lewe. Só word die kerk wêreldlik, sonder dat die wêreld deur die kerk se getuienis Christelik word.

### 3. Evangelisasieperspektief

Hoe sou 'n gemeente met evangelisasieperspektief nou dink en doen? Op die minste sal die volgende raakgesien en raakgedink moet word:

#### 3.1 Uitsig op die totale versoeningsplan van God.

Die ganse bediening van die gemeente moet binne die raamwerk van en in diens van God se heilsplan gesien word. Só en só alleen behou ons 'n Bybelse perspektief. Dit beteken dat die kerk as **bedienaar** van die versoening verstaan moet word.<sup>9)</sup>

Die regte visie op die verkiesing is hier van die allergrootste belang. Die verkiesing is een van die sterkste motiewe vir evangelisasie en nie andersom nie. Die leer van die verkiesing leer die gemeente om albei waarhede vas te hou: God weet wie syne is en tog eis Hy dat sy evangelie sonder voorbehoud aan almal verkondig moet word. Evangelisasie is nie die manier waarlangs God verkies nie, maar dit is wel die manier waarlangs Hy sy ewige verkiesing realiseer. Die verkiesing sowel as die manier, naamlik die verkondiging van die evangelie, is deel van die soewereine God se geopenbaarde wil (vgl. byvoorbeeld Romeine 10:13–17).<sup>10)</sup>

Evangelisasieperspektief word Bybels ingebou wanneer die gemeente geleer word om te verstaan dat dit gaan om die hele evangelie vir die hele mens in sy hele wêreld.<sup>11)</sup> Mense is in God se aandagveld en eers wanneer 'n gemeente vanuit die Bybel leer om God agterna te kyk en mense raak te sien soos Hy, kry ons die evangeliese perspektief.

### **3.2 Perspektief van bewoënheid oor God se bondsvolk – as volk wat vir sy diens toegerus moet word.**

Wie die gemeente só sien, sien die gemeente reeds in evangelisasieperspektief. So 'n gemeente se blote bestaan en teenwoordigheid in hierdie wêreld het betekenis vir die koms van die koninkryk.<sup>12)</sup> Hulle "tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra" (Filippense 2:15,16). In hierdie lig moet ons die toerusting van die gemeente sien en onderneem – hulle moet toegerus word om hierdie roeping in die wêreld te vervul.

Die regte visie op die bondsvolk van God – as sy verkore instrument – om sy aarde vir Hom te wen en te beheers, is dus van wesenlike belang. Dit is 'n Gereformeerde evangelisasieperspektief op die gemeente.<sup>13)</sup>

### **3.3 Perspektief van bewoënheid oor die afgedwaalde lidmaat.**

Teenoor die Fariseërs met hulle sorgeloosheid oor verlore mense, staan Jesus. Lukas 15 is grootliks 'n antwoord van Jesus op die klagtes van die Fariseërs en Skrifgeleerdes omdat Jesus tollenaars en sondaars besoek en omdat laasgenoemdes graag na Hom kom luister (vgl. verse 1 en 2).

Jesus soek na die een skaap wat afgedwaal het. Een is genoeg om die soektog te begin. Een is vir Hom kosbaar. Hy vind sy rus en blydskap nie net in die 99 wat oor is nie, maar in die een wat verlore was en gevind is – 'n blydskap waarin die engele deel.

Evangelisasieperspektief vra meermale om Jesus Christus weer "oop" te kry uit die kring waarin Fariseërs en Skrifgeleerdes Hom toestaan – só dat tollenaars en sondaars Hom nie meer sien en hoor nie en daarom ook selde of glad nie meer na Hom kom luister in byeenkomste soos die eredienste nie.

## **4. Evangelisasie as gemeentelike bediening.**

In aansluiting by bogenoemde gaan dit hier om 'n vierde faset van 'n evangelisasie-perspektief. 'n Perspektief wat terselfdertyd daartoe behoort te lei dat evangelisasie 'n gemeentevisie en -bediening word.

Dit gaan nie hier om 'n fundering van die waarheid dat die gemeente die tweede subjek van evangelisasie is nie, maar om die praktyk van evangelisasie as gemeentelike bediening. Laat dit kortliks net weer gestel word dat daar allereers 'n evangelisasieperspektief nodig is. Die leraar, kerkraad en lidmate moet evangelisasie dink. Dit moet 'n sentrale deel van die geestelike motivering van die gemeente wees dat die goeie nuus oorgedra moet word aan hulle wat van Christus, sy Woord en sy kerk vervreemd geraak het.

#### 4.1 Die leraar.

Om evangelisasie 'n gemeentelike bediening te maak, speel die leraar 'n sleutelrol. Vernuwung in sy persoonlike lewe is van wesenlike belang. As die leraar nie gegryp is deur die inhoud en die dryfkrag van die goeie nuus nie is daar min hoop dat hy daarin sal slaag om 'n gemeente tot entoesiasme en kennis in verband met evangelisasie te lei.<sup>14)</sup>

Vanuit 'n hart en lewe wat daagliks deur die Gees van die lewe vernuwe word, moet die leraar hom taktvol en doelgerig beywer om uitdrukking te gee aan wat wesenlik volgens die Skrif tot sy amp behoort, naamlik die toerusting van die gemeente. Hier gaan dit om wat Margull noem: "The attention of the pastor should as much as possible be concentrated on and primarily directed to the service of the laity which represents the congregation in the world".<sup>15)</sup> Hy haal 'n notule van 'n werkgroep oor evangelisasie aan waarin gesê word: "The work of ministers and clergy as well as other Church workers consists therefore mainly in counselling of counsellors and the teaching of teachers."<sup>16)</sup> John F Havlik skryf in hierdie verband tereg dat die eerste taak van die toeruster nie is om mense tegnieke te leer nie, maar "to awaken them to the fact that they are witnesses".<sup>17)</sup>

Hierdie visie moet die leraar besiel en dra. D T Niles het by geleentheid geskryf: "When Christian laymen are able to make their day-to-day work Christian work, then will happen the greatest revolution of our time."<sup>18)</sup>

Die prediking bly die beginpunt om evangelisasie 'n gemeentelike bediening te maak. Dit vra dikwels 'n totale heroriëntering by lidmate wat jarelank geglo het dat hul niks in hierdie verband te doen het nie. Dit vra soms struktuurveranderinge — verandering in mentaliteit. Alleen die Gees en die Woord bewerk hierdie radikale verandering van 'n "niks-doen-mentaliteit" tot 'n "dit-is-ons-werk" gesindheid. Neighbour meen dat 'n jaar en meer vir so 'n heroriëntering nodig is. 'n Jaar, nie net van prediking nie, maar doelgerigte gemeentelike vernuwung en toerusting op alle vlakke — naweekkonferensies, kursusse, besoeke, eredienste,

ens.<sup>19)</sup>

'n Program vir die leraar op die weg na evangelisasie as gemeentelike bediening kan so lyk:

- (a) Lei die **gemeente** tot geestelike verdieping. Armstrong, wat 'n baie suksesvolle evangelisasiebediening in sy gemeente (Oak Lane) begelei het, skryf dat dit sy ondervinding is "that deepening the congregation's spiritual commitment is the best way to encourage interest in Evangelism".<sup>20)</sup>
- (b) Deel dié visie met die **kerkraad** en lei hulle tot begrip en medeverantwoordelikheid. Evangelisasie moet ook hulle visie word. Hier kan voorligting, kennis oor die werklike stand van die gemeente, Bybelstudie in groepe, Bybelstudietuiswerk vir die volgende kerkraadsvergadering en nog meer, die middel wees waardeur kerkraadslede tot insig en medeverantwoordelikheid kom.
- (c) Armstrong noem as derde stap "Establishing the Ground Rules". Hiermee bedoel hy dat die leraar en die lidmaat deur die Skrif (prediking en ander geleenthede) moet kom tot 'n duidelike begrip wat die Skrif van albei verwag en wat hulle van mekaar mag verwag. Dit gaan hier ook om die opbou van 'n verstandhouding van wedersydse vertroue en eerlike bedoelings. Hierdie waarhede moet telkens herhaal word sodat lidmate leer wat hul taak as diensknegte van God in hierdie wêreld is: "What does it mean to be Christ's man or Christ's woman in the world today?"<sup>21)</sup>
- (d) Wanneer die gemeente haar wese en taak besef, begin die **prediking** oor die inhoud van die geloof: Wat glo ons, in Wie glo ons, waarom glo ons? Lerende prediking, sodat gelowiges bevestig word in hul geloof. Hierdie prediking het verdieping, oorgawe, beskikbaarstelling, kennisvermeerdering, die hoe, waar en wat van die getuigende gemeente in die oog.<sup>22)</sup> Oor 'n lang tydperk word die gemeente tot egte dissipelskap gelei – doelgerig, nie ter wille van die verdieping as sodanig nie, maar ter wille van Hom wat die gemeente tot diens in hierdie wêreld geroep het en ter wille van die evangelie en die voortgang daarvan.

Nou eers word beplan vir spesifieke evangelisasietoerusting en wie dit gaan deurloop. Volgens die meeste kundiges in hierdie verband is dit meer effektief om hierdie persone persoonlik uit te

nooi. In die Ned. Geref. Kerk word almal genooi en tog lyk dit al meer gewens om seker te maak dat 'n aantal persoonlik gevra word. Hierdie aspek is moeilik, maar belangrik. Persone wat genooi word moet deeglik ingelig word oor wat om te verwag. Miskien kan dit so gebeur:

Kondig 'n keer of twee aan dat almal wat hulleself vir verdere spesifieke toerusting met die oog op evangelisasiebesoekwerk wil aanbied op 'n sekere aand na die diens moet agterbly.

Verduidelik aan hierdie groep die bedoeling en omvang van die kursus. Gee ook die moontlike datums van die eerste kursus. Plaas inskrywingsvorme by die deure en vra dat dit die volgende dag by die pastorie ingehandig word. Indien persone wat as goeie mense materiaal beskou word nie inskryf nie, kan hulle telefonies of persoonlik genader word.

- (e) Die res van die gemeente moet deur middel van voorligting begelei word om ondersteuning te bied aan die groep werkers en om inderdaad 'n "receiving fellowship"<sup>23)</sup> te wees vir diegene wat teruggelei word.
- (f) Dwarsdeur alles heen moet die leraar bewys lewer dat hy self ook betrokke is by evangelisasie. Sy voorbeeld is hier van groot belang. Evangelisasie moet voorgedoen word.<sup>24)</sup> Hierin is die Bybel duidelik. Wanneer Paulus oor sy eie werk skryf is dit duidelik dat hyself ook onverpoosd meegewerk het aan die uitdra van die evangelie. Vir Timotheus roep hy ook op om ander te leer, maar om self ook nog die werk van 'n evangelis te doen (2 Tim. 4:5).

## 4.2 Kerkraad.

Tot die taak van die kerkraad behoort in besonder die volgende:

4.2.1 Die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir evangelisasie as gemeentelike bediening in bogenoemde sin.

4.2.2 Persoonlike betrokkenheid by die oordra van die visie, die voorbereiding van die gemeente en aktiewe inskakeling by die toerustingskurse.

4.2.3 Die besondere aandag aan die **vernuwing** van die gemeente na **buite en na binne**.<sup>25)</sup> Ouderlinge en diakens moet deur middel van intensiewe ampsbediening die gemeente gedissiplineer tot vernuwing lei. Sodoende word nie alleen gelowiges tot egte meeleving opgeskerp nie,



maar word die ware evangelisasie-“objek” terselfdertyd deur die tug geïdentifiseer. So kom die gemeente tot sy ware grootte.

4.2.4 Deur middel van 'n deurtastende **sensus** moet die name en adresse van kerkvervreemde lidmate en buitekerklikes gekry en georden word. Persone wat belangstelling in 'n besoek van die kerk toon, word met 'n sekere kode aangedui en hierdie gegewens word gereedgemaak vir besoeke deur die lidmate en kerkraadslede wat die eerste toerustingskursus deurloop.

4.2.5 Die **Kerkraad kontroleer en koördineer** die hele gemeentelike evangelisasiebediening. Hierdie bediening behoort 'n selfstandige plek op die sakelys te verkry sodat die belangstelling van die hele kerkraad steeds gebou word en verslag gelewer kan word. Die Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie behoort die kerkraad hierin te lei.

4.2.6 Dit is voorts nog die verantwoordelikheid van die kerkraad om die gemeente te lei tot 'n egte “**kom-en-gaan**”-**struktuur**. Besondere aandag moet in hierdie verband aan die erediens gegee word. Hier vind die **kom-en-gaan**-struktuur hul ontmoetingspunt.<sup>26)</sup> Hierheen kom dié wat gegaan het en hiervandaan gaan dié wat gekom het.

4.2.7 Die kerkraad moet verantwoordelikheid neem om tydens die voorbereidingsfase, soos hierbo genoem, én daarna die gemeente op te wek tot **gebed** en hulle daarin voor te gaan. Evangelisasie as gemeentelike bediening is miskien bo alles 'n gebedsbediening. Gebed dat God deur sy Gees en Woord en deur die diens van sy kinders, hul wat vervreemd geraak het sal terugbring om Hom in verbondsgemeenskap en met verbondsdankbaarheid te dien en lief te hê. Die rol van die ouderling in hierdie opsig is van die grootste belang.

### 4.3 Die gemeente.

Dit gaan in alles wat tot hier gesê is om die lei van die gemeente tot 'n daaglikse evangelisasiebediening. Spontaan en georganiseerd word lidmate besig om elke dag geleenthede van kontak met vervreemdes te benut en dit te bou tot 'n geleentheid om spoedig of ná 'n lang tyd, die evangelie aan hulle oor te dra, hulle vrae te beantwoord en te doen wat nodig is om so iemand terug te lei.

Hier kan slegs nog bygevoeg word dat die leiers van die gemeentes ter wille van koördinering van die gemeentelike bediening telkens saamgeroep behoort te word deur die Kerkraadskommissie vir

Ampsbediening en Evangelisasie. Sodoende kan verseker word dat dit een gekoördineerde aksie van, deur en in die gemeente is. Sodoende word ook verseker dat die gemeenteaksies as klein groepe ook deel word van die "receiving fellowship" waar hulle wat terugkom, ontvang en tuisgemaak word in die gemeente van die Here.

Lidmate kan onderling ook veel bydra om die gemeente te vul met 'n verwagting van die Here in hierdie bediening. Deur gebed, gesprek en medewerking word byvoorbeeld van elke erediens veel verwag. Evangelisasie kom in die lug en word deel van die wese van die gemeente. Sô word gebou aan 'n gemeente wat "in guns was by die hele volk" en tot wie die Here elke dag byvoeg die wat gered is (vgl. Hande-linge 2:47).

## NOTAS

1. Vgl G Winter, *Metropolis*, Hilversum 1967, 24—31; D A McGAVRAN & W C Arn, *Ten steps for Church Growth*, San Francisco 1977, 35—43; vgl. ook Kol. 1,2.
2. A G McPhee, *Friendship Evangelism*, San Francisco 1977, 65—66.
3. D A McGavran & W C Arn, a.w. 26,27.
4. Vgl. G W Peters, *Saturation Evangelism*, Grand Rapids 1977, 33.
5. *Ibid.*, 34.
6. Vgl. H L Green, *Why Churches die*, Minneapolis, 81—86.
7. *Ibid.*, 87 vv.
8. *Ibid.*, 37—41. Vgl. ook D J Louw, *Die stad in die mens*, Pretoria 1980, 76—100.
9. Vgl. G E Sweazey, *The Church as Evangelist*, San Francisco, 1978, 46 vv; R S Armstrong, *Service Evangelism*, Philadelphia 1979, 47.
10. Vgl. M H Smith *Reformed Evangelism*, Clinton, 1975, 5—23; R B Kuiper, *God Centered Evangelism*, Grand Rapids, 1961, 29—35.
11. Areas soos aangehaal deur J Verkuyl, *Inleiding in die Evangelistiek*, Kampen, 1978, 19.
12. Vgl. G W Peters, a.w., 34.
13. Vgl *ibid*, 33—36; J Overduin, *Die evangelie vandag*, Potchefstroom, 1956, 26—29.
14. *Voortgesette landwyse evangelisasie aksie 1970—1980*. Inligtingsbrosjyre vir kerkrade uitgegee deur die AKAE, 1975 14vv.
15. H J Margull, *Hope in Action*, 1962, 205.
16. *Ibid.*, 206.
17. J F Havlik, *People centered evangelism*, Nashville 1971, 76.
18. Aangehaal deur H J Margull, a.w., 206.
19. R W Neighbour & C T Thomas, *Target-group evangelism*, Nashville, 1975, 2vv.
20. R S Armstrong, a.w., 16.
21. *Ibid.*, 150—155.
22. *Ibid.*, 155—158.
23. C G Kromminga, *The communication of the Gospel through neighboring*, Franeker, 1964, 251.
24. Vgl. R S Armstrong, *The pastor as evangelist*, Philadelphia 1984, 52vv.
25. J J de Klerk, e.a., *Evangelistiek*, 1979, 349—355.
26. *Ibid.*, 357.